**1 Maart 2026**

**Oggend diens**

**Sing:** Ps.100:1,2,3; Ps. 100:4 ; Ps. 42:1,3; Ps. 97:1,2; Ps. 97:6,7.
**Lees:** Open. 1
**Teks:** Open. 1:12
**Tema: Christus regeer in die midde van sy kerk**

***Die voorkoms van Christus***

Die plek van die kerk kom in ons dae al meer onder skoot. Baie mense vra wat die kerk se rol in die samelewing is of ander reken dit is nie nodig om aan die kerk te behoort nie. Die Skrif leer ons dat dit in die kerk nie oor ons gaan nie, maar oor Christus as Hoof van die kerk. Hy is. Johannes ontvang die openbaring van die Here oor wat met die kerk en die wêreld sal gebeur in die voleinding. Sentraal in hierdie gebeure staan Christus wat Homself bekendstel as die Hoof van die kerk wat sy regeermag uitvoer.

***Die posisie van Christus***

Christus se regeermag word egter in die midde van sy gemeentes uitgevoer. Hy het Homself nie van sy kerk onttrek sodat ons nou aan onsself oorgelaat is nie, maar beweeg tussen sy gemeentes rond. Die feit dat Christus in die midde van sy kerk is, bring vir die gemeente van Christus heerlike troos, maar ook 'n besondere verantwoordelikheid. Die troos is dat die kerk nooit alleen is in haar daaglikse stryd nie. Die kerk van Christus word geroep in verantwoordelikheid. Waar daar hartseer en beproewing troos Hy en waar daar sonde is tug Hy en roep tot bekering.

***Die versekering van Christus***

Die troos wat die teenwoordigheid van Christus in die midde van sy kerk bring raak die gemeente, maar ook elke gelowige. Hy is lewend in die midde van sy kerk, want Hy het die dood oorwin. Mense kom en gaan en gemeentes gaan deur hoogtepunte en laagtepunte maar Christus is lewend besig om in elkeen van ons te werk. Hy rus ons toe, vertroos en versterk ons en bou ons op sodat ons met oorgawe van Hom sal getuig.

**Aand diens**

**Sing:** Ps. 84:1,2; Ps. 40:4,5; Ps. 116:1,4,10
**Lees:** Jes. 58; So□38.
**Teks:** Jes. 58:13-14; So□38.
**Tema: In die rus wat die Here gee kan sy kerk hom verheerlik deur 'n ware godsdiens.**

***Die basis van die rusdag.***

In die vierde gebod gebied die Here die gelowige optrede van sy volk op die rusdag wat Hy aan hulle gegee het. die oorsprong van die rusdag vind ons in die skepping self. God het nadat Hy alles in ses dae geskape het op die sewende dag gerus. Die bedoeling is dat die mens hom in die werke van die Here op hierdie dag kan verlustig. Hierdie werke is sy skeppingswerk aan die een kant, maar ook sy herskeppings werk soos dit in die verlossing van sy volk sigbaar word. So is die rusdag wat die Here gee, 'n dag tot sy eer.

***Die roeping op die rusdag.***

Deur die geskiedenis van Israel het hulle die dag van die Here verag en vertrap. Hulle het maar voortgegaan met hulle daaglikse take en nie die werke van die Here in herinnering gebring nie. Hulle het maar net hulle gewone gang gegaan. In ons Kategismus is dit duidelik hoe ons roeping bely word. Die hoofsaak is dat die bediening van die Woord en die skole in stand gehou moet word. In ons huidige leefwêreld word hierdie roeping nie meer hoog geag wanneer mense die rusdag van die Here gebruik vir hulle eie belange, besigheid en ontspanning nie.

***Die seën in die rusdag.***

Die rusdag wat die Here aan sy volk gee bestaan nie net uit die roeping om sy Woord diens in stand te hou en so meer nie. In die onderhouding van die vierde gebod word 'n heerlike seën aan die volk van God en die kerk van die Here belowe. In die onderhouding van die Sondag as opstandingsdag van Christus kan ons die seën ontvang dat Hy vir ons sondes gesterwe het en die ewige lewe geskenk het. In Hom vind ons die ewige rus voor die aangesig van die Vader. Dit is die ewige rus wat in die wederkoms van ons Here en ons Koning ons volle deel sal wees.